moreleta kerk

waar die **STROOM** van die **GEES LEWE** bring!

‘n Voorsmakie van die einde | 9 Oktober 2022 | Ds. Teodor van der Spuy

tvanderspuy@moreleta.co.za

Inleiding

5000 verskillende mensegroepe, 7100 verskillende tale wat gepraat word wat woonagtig is in 195 lande. 7, 7 Biljoen mense op planeet aarde. Almal het dit in gemeen: Jesus het vir elkeen van hulle aan die kruis gesterf. En vir elkeen wat dit glo is daar die belofte dat hulle nie verlore sal gaan nie maar sal saamsing in die koor ter ere van Hom wat sit op die troon, en aan die Lam.

1. Watter rol speel die eindtye in die manier hoe jy jou Christenskap uitleef?
2. Het jy enige sinvolle verhoudinge met mense afkomstig van ‘n ander taal, ras, kultuur of mensegroep (tribe)?

Wenke vir leier

Wenk: Elke kring moet die belangrikheid verstaan van om verbind te wees met ‘n sending groter as onsself. Die liggaam van Christus se primêre doel op aarde is juis om onsself te verbind met God se groter plan om uiteindelik die hele wêreld met Homself te versoen. Soveel as wat ons moet omgee vir mekaar in die kring, net soveel moet ons ons groter roeping ook verstaan.

Lees saam

Openbaring 7:9-12

- Een persoon lees die gedeelte.
- ‘n Tweede persoon vertel die verhaal so volledig moontlik. Moenie die gedeelte opsom of jou opinie gee van wat hier staan nie. Vertel so feitelik as moontlik.
- ‘n Derde persoon lees die gedeelte vir ‘n tweede keer.

Gesels saam

- Wat leer ons oor God (Vader, Seun, Heilige Gees) uit die Skrifgedeelte?
- Wat leer ons oor onsself of ander mense in hierdie gedeelte?

Leer meer / kyk weer

Kliek hier vir verdere studie materiaal (video) van Rightnow media

Kliek hier om weer te kyk.

Doen saam

- Inwaarts: Waaroor het die Here met my gepraat in hierdie Skrifgedeelte waaraan ekself prakties moet aandag gee? (Wees so spesifiek as moontlik.)
- Uitwaarts: Hoe gaan ek hierdie week vir mense rondom my tot seën wees? Wat het ek uit hierdie Skrifgedeelte ontdek wat ek prakties moet gaan doen? (Dit kan ook wees dat daar nie ‘n spesifieke ding uit die Skrifgedeelte self is nie, maar dat die Here vir jou iets anders sal wys wat jy moet gaan doen.)

Navrae

kringe@moreleta.co.za
012 997 8100

Algemene info
info@moreleta.co.za
012 997 8000

Bid saam

Gebedsversoeke - 076 351 8383
gebed@moreleta.co.za

Hulp?

Berading - Moreleta Wholeness Sentrum
wholeness@moreleta.co.za
012 997 8035